

HOOFSTUK 1.Die opkoms van die moderne Opvoedkundige Sosiologie.1. Inleiding: Opvoedkundige Sosiologie ontstaan histories uit die algemene Sosiologie.

„Die moderne Sosiologie is in die begin van die negentiende eeu, vanuit Frankryk, deur Claude Henri de Saint-Simon, Comte de Saint-Simon (1760-1825) en met name Auguste Comte (1798-1857) as 'n geheel selfstandige en nuwe wetenskap in die ry van die bestaande wetenskappe, ingevoer. Sy veld van ondersoek was destyds in die algemeen omskrywe as die wetenskap van die menslike samelewing“¹⁾.

Die Sosiologie het ontstaan uit die Filosofie²⁾, wat die moeder van vele wetenskappe was³⁾. Die ontwikkeling van die Sosiologie tot 'n selfstandige vakwetenskap was die resultaat van 'n lang en onafgebroke stryd in die splitsing tussen die samegang van veral die Staatsleer en die Geskiedenis. Nadat hierdie skerpere afbakening 'n voldoende feit geword het, het die aanleg en belangstelling van die ondersoekers, die omvang van die materie, die verdieping van die probleemstelling en die verandering in die behoeftes en eise van die samelewing sterk na vore getree om die volgende redes:

- a. Die verband tussen die sosiale vakwetenskappe, soos o.ä. die Ekonomie, die Staatsleer, die Regswetenskap,

-
1. Du Preez, D.C.S.: Die grondprobleme van die Sosiologie, p. 1.
 2. Bierens de Haan, J.: Sociologie, ontwikkeling en metode; N.V. Servire, Den Haag, 1946; n. 10.
 3. Steinmetz, S.R.: Inleiding tot de Sociologie. Herzien door J.P. Kruijt, F. Behn N.V., 1952; p. 5.

die Antropologie, die Sosiale Psigologie, die Geskiedenis, die Aardrykskunde ens., is „the behaviour of human beings in society“⁴⁾. Al hierdie sosiale wetenskappe het met diemenslike samelewing te make, d.w.s. as funksionerende dele van die groot geheel in ons strewe na 'n gemeenskaplike doel in die totaliteit van die menslike lewe en belange, soos opvoeding en onderwys, ekonomiese welvaartstewe, regering, huisgesinne, kerke ens.

b. Skeiding tussen die sosiale wetenskappe.

Afsonderlik word elke sosiale vakwetenskap beheers deur sy eie probleemstelling, sy eie terminologie, grondbegrippe en gesigspunte, wat hoewel verskillend van mekaar, tog wisselwerking vertoon deur onderlinge verwantskap. Die volgende aanhalings staaf hierdie bewering: „It is always the focus of interest which distinguishes one social science from another ... what distinguishes each from each is the selective interest“⁵⁾; „... the conceptual differences in the aspects of human behavior selected for observation and analysis“⁶⁾. So byvoorbeeld bestudeer die Ekonomie die geabstraheerde ekonomiese aspek, die regs-wetenskap die juridiese aspek, die geskiedenis die historiese aspek, ens. „All the so-called social sciences are studying some abstracted aspect of human behavior“⁷⁾.

4. Ottaway, A.N.C.: Education and society. An introduction to the Sociology of Education; Megan Paul, London, 1955; p.1.

5. MacIver, R.M. en Page, C.H.: Society. An introductory analysis; Rinehart, New York, 1949, p. V.

6. Carr, L.J. : Analytical Sociology, social situations and social problems; Harper, New York; p. 2.

7. Idem : Situational analysis; Harper, New York; p. 2.

Anders gestel: elke onderskeie sosiale wetenskap selekteer vir hom een bepaalde aspek van die menslike samelewing, wat sy probleemstelling van ondersoek uit die totale werklikheid van die samelewing en kultuur beheers. Rondom hierdie aspek formuleer en sistematiseer hy sy bevindinge. Op hierdie wyse het die sosiale vakwetenskappe ⁸⁾ ontstaan en word hulle van mekaar onderskei.

c. Die verband tussen die Sosiologie en die sosiale vakwetenskappe.

Die wysgerige ondergrond van die Sosiologie impliseer dat die verhoudinge en belange van die mens gerig word deur die struktuur-norme, wat die mens 'n taak opleë en in die geestestruktuur van die mens veranker is ⁹⁾.

Die onderskeiding tussen die Sosiologie en die ander sosiale vakwetenskappe stel MacIver en Page soos volg vas: „Sociology alone studies social relationships, society itself. Thus the focus of none of these other social sciences is identical with that of sociology, and it is always the focus of interest, which distinguishes one social science from another“ ¹⁰⁾. Ander stel dit so: „Scientific behavior ... as a form of social behavior is primarily and directly a sociological subject“ ¹¹⁾.

8. Kooistra, R. : De Gereformeerde theoloog en die Sociologie; wever, Franeker, 1955; p. 30.
9. Van Dyk, R.: Mens en medemens. Een inleiding tot de Algemene Sociologie; Zomer en Keunings, Wageningen; p. 66.
10. MacIver en Page : Society. An introductory analysis; p. V.
11. Lundberg, G.A., Schrag, C., Larsen, O.W. : Sociology; Harper, New York, 1954; p. 6.
Vgl. verder vir die ontwikkeling van die Sosiologie o.a. bv. die volgende werke :-
House, F.W.: The development of sociology.
Sprott, W.J.H.: Sociology; Hutchinson; 1949.
Murray, R.W. : Sociology for a democratic society, ens.

In hierdie aanhalings het ons te make met die onderskeiding en die verband tussen die Sosiologie en sosiale vakwetenskappe. Wanneer byvoorbeeld die Ekonomie sy aandag toespits op die sosiokulturele verhoudinge tussen mense en groepe in die samelewing, d.i. die menslike handeling en gebeurtenisse, bv. in 'n tyd van inflasie, dan is die brandpunt van hierdie ondersoek toegespits uitsluitend op die ekonomiese „kompartement“ of aspek daarvan. Met die geabstraheerde ekonomiese aspek uit die totale samehang van die samelewingswerklikheid beperk die ekonomie hom in sy veld van ondersoek tot die probleemstelling betreffende die vraag van doelmatige aanwending van skaars middele ter bevrediging van 'n in prinsipe oneindige aantal behoeftes.

So bestudeer die Ekonomie ook die ekonomiese aspek van die huwelik, huisgesin, kerk, staat ens. vir sover hierdie samelewingsvorme 'n rol speel in die volle ekonomiese lewe, terwyl die regs-, die politieke, die godsdienstige, die seksuele, die bloedverwantskaps-, die liefdes- en geloofs-, die skoonheids- en morele verhoudinge, buite rekening gelaat word.

Ook die „homo economicus“ en die bedryf, handelsonderneming, geld- en bankwese, word slegs na die ekonomiese kant bestudeer.

Die regswetenskap bestudeer slegs die regsverhoudinge tussen mense en groepe. Ten aansien van die samelewingsverhoudinge bestudeer die regswetenskap in die staat, die kerk, die bedryf ens. slegs die juridiese hoe en waarom uit die totale samehang van die sosiokulturele verhoudinge tussen mense in die samelewing, hulle handeling en die gebeurtenisse.

Wat ons hier vasgestel het, geld ook vir die ander sosiale vakwetenskappe. Almal benoeci hulle slags met een bepaalde aspek van die samelewingswerklikheid ¹²⁾. Laasgenoemde word ook genoem die sosiale orde, „social reality“ ens.

Die Sosiologie daarenteen bemoei hom met die studie van die menslike samelewing as 'n totaliteit van die samelewingsvorme, die samelewingsverhoudinge, die handelinge en die gebeurtenisse wat in hulle onderskeie verskyningsvorme of individuele gestaltes tot openbaring kom.

Die sosiologie is struktuurteorie van die menslike samelewing: dit het tot veld van ondersoek die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing en van die menslike persoonlikheid soos dit ontwikkel en gevorm word in sy wisselwerking met sy sosiale milieu, maar in die vorming en onderhouding daarvan word hy voortdurend gelei en gerig deur sy persoonlike verantwoordelikeids- en normbesef.

Die Sosiologie is dus struktuurwetenskap van die menslike samelewing, want, sê Wilson en Kolb: „Treated apart from the social structure the processes are so abstract that little can be said about them or little use made of them in research. Seen as functional elements within social systems they take on significance as the dynamic components which make society a going concern“ ¹³⁾.

Hiervolgens het Furfey ¹⁴⁾ onlangs 'n analise en

12. Van Dyk : Mens en medemens ; p. 14.

13. Wilson, L. en Kolb, W.L.: Sociological analysis; Harcourt, New York; p. 846.

14. Furfey, P.H.: The scope and method of sociology. A meta-sociological treatise; Harper, New York, 1953; p. 148. Vgl. Odum, H.W.: American Sociology. The story of sociology in the United States through 1950 i.v.m. „structure-function theory of Sociology“ Longmans Green, New York, 1950; p. 242.

klassifikasie van 81 reformuleerde omskrywinge en definisies van die Franse, Duitse, Engelse en Amerikaanse sosiologie gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat die Sosiologie struktuurwetenskap van die menslike samelewing is.

d. Die Opvoedkundige sosiologie.

Net soos by die onderskeie sosiale vakwetenskappe 'n verdere splitsing na binne plaasgevind het, kry ons ook 'n splitsing na binne by die Sosiologie self, wat saamhang met die aanleg, belangstelling en verdieping van die ondersoekers na die onderskeie lewensterreine van die samelewingswerklikheid.

Ons kry dus naas en saam met die sosiale vakwetenskappe ook die spesiale sosiologieë, ook genoem die Aspeksosiologieë, bv. Flattelandse en Stedelike sosiologie, Gesinsosiologie, die Huwelik, Sosiale Instellings (samelewingsvorme), Sosiale Probleme, Sosiale Patologie, Misdaadsosiologie, Godsdienssosiologie, Ekonomiese sosiologie, Bedryfsosiologie, Regsosiologie, Kultuursosiologie, Krisissosiologie ens.

Hierdie Spesiale Sosiologieë staan tesame bekend as die Ensiklopedie van die Sosiologie: elkeen is 'n selfstandige tak van wetenskap, dus Sosiologie en struktuurwetenskap.

Die Opvoedkundige Sosiologie daarenteen is 'n selfstandige vertakking van die Opvoedkunde, d.w.s. die wetenskaplik uitgeboude sosiologiese aspek van die Teoretiese Opvoedkunde: die empiriese gegewens waarvan die prinsipia en norme in ooreenstemming met die van die Teoretiese Opvoedkunde is.

2. Kort historiese oorsig van die ontstaan van die Opvoedkundige Sosiologie.

a. Die ontstaan van die Opvoedkundige sosiologie in Frankryk.

Emile Durkheim (1858-1917) was die eerste met sy

poging in 'n werk Education et Sociologie, waarin hy 'n beeld van die destydse denkrigting in die Opvoedkundige Sosiologie gegee het. Daarom word Durkheim van Frankryk beskou as die grondlegger van die Opvoedkundige Sosiologie ¹⁾.

Die studieterrein van die toentertydse Opvoedkundige Sosiologie kan in die algemeen omskrywe word as : „education is essentially social in character, in its origins and in its functions, and that as a result the theory of education relates more closely to sociology than to any other science ... The man which education is obliged to make of us is not man as nature made him, but as society wishes him to be“ ²⁾. ... the eminent French sociologist and educator, Professor Émile Durkheim ³⁾ sees in the individual merely a product of social environment, the passive subject of social compulsion“ ⁴⁾.

Uit hierdie aanhalings lei ons die volgende af, wat ook met die opkoms van die Opvoedkundige Sosiologie elders saamhang :

Hierdie poging van Durkheim met die Opvoedkundige Sosiologie is een waarin die Opvoedkunde by die Sosiologie ingelyf moet word om die Sosiologie te dien. Ons tipeer hierdie poging as 'n sosiologisme, wat die sosiologiese vorm van positivisme ⁵⁾ in die opvoeding is.

-
1. Vgl. G.S.: Ottaway, A.K.C. in The British journal of Sociology ; Vol. VI, No. 3. Sept., 1955; p. 213.
 2. Idem: Engelse vertaling van Durkheim: „Education et Sociologie“; pp. 106, 117.
 3. Case, C.M.: Outlines of introductory Sociology. A textbook of readings in Social Science; Macourt, New York, 1924; p. 869.
 4. Ibid., p. 552.
 5. Van Dyk, R.: „De grenzen der Sociologie“ in verzamelwerk: De grenzen der wetenschap in opdracht van de vrije Universiteit; p. 57.

b. Die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika.

Lester B. Ward toon in sy Dynamic Sociology (1883) aan dat opvoeding en onderwys die krag tot verbetering van die samelewing is. Ward lei die maatskaplike lewe af uit die eienskappe van die enkelinge wat beweging word deur sosiale kragte, d.i. die „desires“, die instinktiwse behoeftes en gevoelens, waarvan honger en liefde die sterkste is. Vir Ward is hierdie kragte drywende kragte, waarvan die menslike inteliek die leidende krag is wat die middele en doeleindes aangee.

Die vooruitgang van die samelewing bestaan veral in kennis wat deur opvoeding en onderwys vergroot en versprei moet word.

Om die voorgaande te bereik stel hy die bereik van geluk as die hoogste deel van die menslike streef, wat hy verbind met vooruitgang: „progress is whatever increases the sum total of human happiness“.

In hierdie trant d.i. die inlywing van onderwys by die sosiologie, was daar nog geen sprake van Opvoedkundige Sosiologie in Amerika nie. Nietemin wys Smith daaron dat die denkrigting van Ward met sy hoofstuk „Education as the Proximate Means of Progress“ in Dynamic Sociology die inspirasie was vir Dewey, oor wie hy skrywe: „While ranked as an educational philosopher, it must not be forgotten that his writings gave the earliest vital impulses to social thinking in the field of education and that they have remained among the most dynamic stimuli to socialized experimentation and practices in our schools. His philosophy underlies educational sociology...“¹⁾

1. Smith, W.R.: „Recent Progress of Educational Sociology“ in Journal of Educational Sociology; vol. 8, No. 8., April, 1936; p. 453.

Binne hierdie kader van die sosiale rol van die opvoeding en die opvatting van opvoeding as die middel tot sosiale beheersing vind ons verdere navolgers wat die sosiologiese aspek van die opvoeding oorbeklemtoon. In 1896 skrywe Small : „Sociology demands of educators that they shall not rate themselves as leaders of children but as makers of society ...The teacher who realizes his social function will not be satisfied with passing children to the next grade. He will read his success only in the record of men and women who go from the school eager to explore wider and deeper these social relations, and zealous to do their part in making a better world. We are dupes of faulty analysis if we imagine that schools can do much to promote social progress until they are motivated by this insight and this temper" 2). Ook Cooley se Social Organization (1906) kan in hierdie verband genoem word.

Geïnspireer deur hierdie opvoedingsrigting verklaar die Kommissaris vir Opvoeding en Onderwys van die V.S.A. in 1893: „No philosophy of education is fundamental until it is based on sociology" 3).

Hierop volg John Dewey se The school and society (1899), waarin hy o.a. die sosiale aspekte van opvoeding, onderwys en leer beklemtoon en dat afgesien moet word van die idee van kompartementele onderwys, daar die skool 'n sosiale instelling en baie nou verbonde aan die samelewing is. Hiermee vind ons die inleiding tot Dewey se sosialistiese lewens- en opvoedingsbeskouing, wat die Amerikaanse onderwys tot

-
2. Small, A.W.: „The demands of Sociology upon Pedagogy" in Journal of Educational Sociology; Vol.2, No.6, May, 1896 ; pp. 839-851.
 3. Educational Review; June, 1893, Vol.6, No.1 ; p. 84.

op die huidige oomblik deursuur.

Ongeveer 'n jaar later (1900) verskyn van S.T. Dutton, Superintendent van skole in Brookline, Massachusetts, 'n artikel oor „Social phases of education in the school and the home". Hierin beklemtoon hy die noue verband tussen die onderwys op skool en die ervaring van die kind in sy huisgesin en sy gemeenskap.

In 1902 wys Charles A. Ellwood daarop dat die onderwys en opvoeding uitsluitlik tot doelstelling gehad het Tegnologie en beroep en te min vanuit die gesigshoek van maatskaplike behoeftes en welvaart bevat het ⁴⁾.

Die eerste poging om hierdie nuwe beskouinge in die praktyk vir die opleiding van onderwysers toe te pas het in 1907 van Henry Suzzallo gekom, wat so 'n „kursus" opgestel het.

Teen omstreeks 1914 was daar alreeds sestiën hoër opvoedingsinrigtings wat kursusse in die Opvoedkundige Sosiologie aangebied het ⁵⁾.

In 1926 het 194 opleidingsinrigtinge vir onderwysers kursusse in die Opvoedkundige Sosiologie aangebied ⁶⁾.

In hierdie verband wys ons egter daarop dat vanaf 1907 verskeie werke van opvoedkundige aard verskyn het wat die toepassing van die Sosiologie beklemtoon. Ons noem o.a. 'n aantal hiervan bv.: Scott, C.A.:

-
4. Ellwood, C.A. : Sociology and modern problems (rev. edition Social problems and Sociology); hoofstuk XV.
 5. Kulp, D.H.: Educational Sociology, p. 536.
 6. Lee, H. : Status of Educational Sociology, p. 35.

Social education (1907) ; O'Shea, M.V.: Social development and education (1909) ; King, I. : Social aspects of education (1912) ; Betts, G.H.: Social principles of education (1912); Kirkpatrick, E.A. : Fundamentals of Sociology with special emphasis upon the community and education (1916); Smith, W.R.: Introduction to Educational Sociology (1917). Smith was die eerste om „Educational Sociology“ by sy boek-titel te voeg.

Onmiddellik na die Eerste Wêreldoorlog vind ons 'n tweërlei ontwikkeling in die Amerikaanse onderwys: (1) Die eerste behels die groepering van leerlinge volgens individuele moontlikhede bepaal deur intelligensie-toetse, wat 'n reorganisasie van die kurrikulums en skoolaktiwiteite op die grondslag van Thorndike se leerwette behels het. Dit beklemtoon meting en toetsing van individuele leer met feitlik algehele vryheid vir selfontwikkeling deur „creative expression“.

(2) Die tweede ontwikkelingsrigting beklemtoon die sosiale waardes van die opvoeding, wat vandag deur Opvoedkundige Sosiologie⁷⁾ by die opleiding van onderwysers gedoseer word.

Die verdere ontwikkeling van die Opvoedkundige Sosiologie laat heelwat werke die lig sien, wat ons later behandel.

7. Brown, H.J. : Educational Sociology, p. 42.
 Ons noem o.a. die volgende werke oor die beklemtoning van die sosiale waardes in die onderwys en opvoeding:
 Robbins, C.L.: The school as a social institution 1918;
 Chancellor, W.B. : Educational Sociology 1919;
 Clow, F.R.: Sociology with educational implications; Macmillan, New York, 1920;
 Snodden, F. : Educational Sociology; Century Crofts, New York, 1922;
 Peters, C.C.: Foundations of Educational Sociology 1924.
 Ook in hierdie groep met 'n algemener strekking waarin die Opvoedkundige Sosiologie in verband met sosiale probleme staan, is bv. die werke van o.a. Groves, E.R.: Social problems and education; Longmans Green, 1925, en Good, Alvin: Sociology and Education; Harper New York, 1926.

Sedert 1923, toe die „National Society for the Study of Educational Sociology“ gestig is, is gesamentlike vergaderings met die „American Sociological Society“ en die „Department of Superintendents“ jaarliks gedurende Desember en Februarie resp. gehou. Tussen 1923 en 1931 is drie jaarboeke deur hierdie gesamentlike pogings gepubliseer.

Onder meer groei hieruit, met George E. Payne as redakteur - hy word ook baskou as die vader van die Opvoedkundige Sosiologie in Amerika ⁸⁾ se leiding die Journal of Educational Sociology. Die eerste aflewering van hierdie blad verskyn in 1928. Dit bestaan tot 1948, toe die American sociological review gestig is.

Afgesien van die voortbestaan van die voorge-noemde maandblad tot vandag toe het daar sedert 1927 nog talle werke oor die Opvoedkundige Sosiologie verskyn ⁹⁾.

Die algemene strekking hiervan en van ander is die positivistiese vorm van die Sosiologie, waarin die sosiale aspek van die opvoeding verabsoluteer word ¹⁰⁾ in die mate van „education for living in a

8. Brown, F.J. : Educational Sociology, p. 33-34.

9. Ons noem o.a. die volgende :

Finney, R.L.: A sociological philosophy of Education, 1927.
Payne, G.E.: Principles of Educational Sociology. An Outline, 1928.

Smith, E.R.: Principles of Educational Sociology, 1928.

Ellwood, C.A.: Social problems and Sociology(rev.ed.)1932.

Kulp, D.H.: Educational Sociology, 1932.

Kinneman, J.A. : Society and Education, 1932.

Waller, W.: The sociology of teaching, 1932.

Peters, C.C.: Foundations of Sociology, 1935.

Cook, L.A.: Community backgrounds of education, 1938.

Bolton, F.E. & Corbally, J.E.: Educational Sociology, 1941.

Loyd, W.L., Havighurst, R.J. en Loeb, M.B. : Who shall be educated ? 1944.

Moore, C.B. en Cole, W.E. : Sociology in educational practice, 1953.

Brookover, W.B.: A Sociology of education, 1955.

Havighurst, R.J. en Neugarten, B.L.: Society and education, 1957.

10. Hierdie bewering word later in die ondersoek bewys.

world community" 11).

Hierdie opvatting van die Opvoedkundige Sosio-logie beoog om die opvoeding uit die konkrete lewens-situasies van die sosiale orde, d.i. die menslike samelewing as geheel, te laat groei.

Die vrug van hierdie beskouing oor die opvoeding is die objektiewe, realistiese en rasionele konstruksie van 'n geïntegreerde leergang vir Sosiale studies in die laerskool.

Die Sosiale Studies is 'n ervaringsveld wat t.o.v. die uitgangspunt, doelstelling, mens- en kindbeskouing, inhoud van die leerstof, metode en tug en administrasie en organisasie sosiaal is 12).

Hierdie beskouing hang saam met die Humanistiese, meer spesifiek die Amerikaanse sosialistiese lewens- en opvoedingsbeskouing met sy pragmatistiese en eksperimentalistiese uitingsvorme in die onderwys met die Sosiale Studies vir die skool.

c. Die Opvoedkundige Sosiologie van Engeland.

Die Opvoedkundige Sosiologie van Engeland ontstaan tydens die Tweede Wreldoorlog met die inspirerende publikasies van Karl Mannheim.

Hy het die leerstoel in die Sosiologie aan die Universiteit van "Frankfurt am Main" in Duitsland en tot sy dood die leerstoel in die Opvoedkunde aan die Londense Universiteit beklee.

Op grond van hierdie akademiese lewenstoerusting was Mannheim by uitnemendheid bekwaam en geskik vir die beoefening van die Opvoedkundige Sosiologie.

11. Havighurst en Neugarten : "Principles and methods of Education for Living in a World Community" in Society and Education, p. 349.

12. Vgl. Monroe, U.S.: Encyclopedia of educational research, p. 1213-1238.

Die bekroning van sy dienste is seker die stigting van die International library of Sociology and social reconstruction, waarvan hy die eer gehad het om redakteur te wees - 'n posisie wat Spratt na Mannheim se dood beklee.

Mannheim lê drie grondstellings vir die belangrikheid van die Opvoedkundige Sosiologie neer: „(a) that the control of modern society is impossible without intimately knowing how that society works, (b) that Sociology has become an established subject during the last decades in all important countries, (c) that education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, or in other words that especially the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of Sociology”¹⁾.

Die implikasie van hierdie grondstellings is baie belangrik omdat Mannheim met die sosiologiese beskouing die ruimere opvatting van die onderwys en opvoeding toegedaan was: „To tell him as a teacher and educator what he ought to know about the place of education in the social order”²⁾.

Dit gaan in hierdie verband om die plek van die opvoeding in die groot geheel, d.i. die menslike samelewing, omdat hy met sy „Diagnosis of our time” deur middel van sosiologiese analise van die menslike samelewing vasgestel het „that we are living in a Mass Society”³⁾.

1. Mannheim, K.: Sociology and education, p. 4.

2. Ibid, p. 6.

3. Idem: Diagnosis of our time; Kegan Paul, London, 1950; p. 1.

Omdat Mannheim nie 'n uitvoerige beskrywing van die „mass society“ gegee het nie, sluit ons aan by Röpke, wat dit kernagtig saamvat: „Today we speak of mass civilisation, and congestion in expressing the idea of the individual being absorbed ever more in an amorphous mass. We mean by this that society in so far as it has moved in this direction has lost its horizontal as well as its vertical structure and has succumbed to a process of trituration, decomposition and dissolution which has converted it into a mere sandheap of individuals. These individual grains of sand are now being wafted haphazard and mechanically into heaps, the masses of the big cities, of the „great public“, of the industrial centres, of the „million corporation“ or „union,“ mass parties, mass pebliscites; beings devoid of any real inner solidarity and any roots or connection with social standing and milieu, without leadership on the part of a real and responsible authority standing above the mass. A society of this kind consisting of disconnected individuals dissolving and yet agglomerating has lost the inner and organic character of the genuine and spontaneous community, and the more it is lacking in a firm homogeneity the more will it be held rigidly together by the rivets of the modern bureaucratic and centralist state“ 4).

Die resultaat van hierdie opeenhoping van die massagemeenskap is die losruk van die ankers van die individu en daarby ook die losruk en wegbreek van die „primary groups, family, neighbourhood, from the background to one where the larger contact groups pre-

4. Röpke, W. : Civitas humana. A humane order of society; Hodge, London, 1948, p. 132-133.

vail there is a corresponding transition from primary attitudes and virtues to derivative group ideals" 5).

Röpke sê in hierdie verband: „These individuals who have been blown out of their community are finding themselves exposed to a chaotic lack of any relationship to anything and are becoming lost nomadic herds who no longer know where they belong, what their place in society is, and they have become more and more divorced from the ties of family, occupation, neighbourhood, nature and society" 6).

Gepaard met die vereensamingsproses as gevolg van die losruk uit die primêre groep of samelewingsverbande soos die huwelik, gesin, omgewing, buurt en beroep is daar ook 'n verandering in die primêre houdinge en primêre deugde soos byvoorbeeld naaste-liefde ensovoorts. Maar dis ook verstaanbaar dat hierdie veranderinge moet kom, want daardie primêre emosies en houdinge is alleen moontlik wanneer daar 'n persoonlike kontak is tussen daardie persone.

Hierdie „mass society" met sy gevolge vir die mens, die samelewing en die kultuur is die resultaat van sosiale verandering deur differensiasie en spesialisasie.

Mannheim wil deur middel van onderwys die opvoeding lei en rig vir die „mass society". Hy wil dit bereik met sy sisteem van „planning for freedom" in 'n militante demokrasie 7).

5. Mannheim: Diagnosis of our time, p.17.

6. Röpke: Civitas humana, p. 134.

7. Mannheim: Diagnosis of our time; hoofstuk 4: „Some reasons for the need of sociological integration in education", p. 54-57;
Idem: Man and society; deel V: „Planning for freedom";
Idem: Diagnosis of our time, p.4-8: „The Third way: A Militant Democracy".

Hiertoe moet die sosiale tegnieke, wat die toetaal van daardie metodes is om die menslike verhoudinge en gedragswyse op 'n gesonde manier te beïnvloed sodat die staatsowerheid so mag en gesag deur sosiale beheer versterk kan word 8).

Hierdie opvoeding vir die „mass society“ is van belang: dis die feitlike situasie, want „the possibility of controlling schools and the whole range of education from a single centre, and you will realize that the recent change from democratic government to totalitarian systems is due here also not so much to the changing ideas of men as to changes in social technique“ 9).

Oor die belangrikheid van die Opvoedkundige Sosiologie van Mannheim sê sywe Lester Smith: „Harl Mannheim did, perhaps, more than anyone to arouse the interest of the teaching profession here in sociological thinking ... creating among teachers a growing demand for literature and lectures on the relationship of social and political thought to school problems“ 10).

Geïnspireer deur die beplanningsgedagte in die onderwys van Mannheim volg o.a. sir Fred Clarke met sy Education and social change en Smith met Education in Great Britain (1949).

Nieteenstaande hierdie en ander pogings was daar 'n gevoelde behoefte vir 'n opvoedkundig-sosiologiese werk spesifiek vir Engeland, wat deur middel van onderwys moet voorsien in die behoeftes van die snel veranderende menslike samelewing aldaar.

8. Ibid., p. 1.

9. Ibid., p. 2.

10. Smith, L.O.L.: Introduction to Education and Society van Ottaway; p. VIII.

Buitendien moet hierdie leëte, waarvoor die Onderwyswet van 1944 ¹¹⁾ voorsiening maak, gevul word. Die beplanning met die onderwys en opvoeding vir die „mass society“ het reeds lankal posgevat en ingesink: „Control through planning“ is not wholly new to education ... it seeks to harness education to the service of the whole community..... thinking of the impact of education on society“ ¹²⁾.

Die resultaat van hierdie onderwysbeplanning word beliggaam in die Interim report of the Council for curriculum reform, nl. „The content of education“ (1945). Hierin word „the present ferment in the educational sphere“ as „part of the ferment in the realm of social values“ ¹³⁾ aangegee.

Met die „lanset“ van die sosiologiese analise van die menslike samelewing (die „mass society“) kan vasgestel word wat die doelstelling van die samelewing is, sodat die onderwys en opvoeding die samelewing moet dien ¹⁴⁾. Die Opvoedkunde moet hom rig volgens die empiriese werklikheid wat die sosiologie verskaf. Die Opvoedkunde moet uit die konkrete lewensituasies van die „mass society“ groei.

Eers in 1953 word in die lank gevoelde behoefte voorsien met die opvoedkundig-sosiologiese werk van A.K.C. Ottaway : Education and Society. Hierin

11. Vgl.: „The content of education. Proposals for the reform of the school curriculum“

12. Vgl.: Smith: Education in Great Britain; pp. 169, 170.

13. The Content of Education, n. 13.

14. Ibid.

werk hy die opvattinge en grondstellinge van sy leermeesters Mannheim en Clarke breër uit om aan te pas by die behoeftes van die veranderde en veranderende Britse sosiale milieu: die „mass society“ waarvoor opgevoed moet word.

„... the necessity for a book on educational sociology for English readers has become increasingly urgent. Mr. Ottaway is, therefore, much to be congratulated on being the first to make a serious attempt to fill this important gap...“, aldus W.C.L. Smith ¹⁵⁾.

Ottaway ¹⁶⁾ definieer die Opvoedkundige Sosiologie as „a study of the relations between education and society. It is thus a social study, and, in so far as its method is scientific, it is a branch of social science. It is concerned with educational aims, methods, institutions, administration, and curricula, in relation to the economic, political, religious, social and cultural forces of the society in which they function. In the education of the individual it concerns the influence of social life and social relationship on the development of personality“.

Die Opvoedkundige Sosiologie van Ottaway vind sy toepassing in die onderwyspraktyk met die geïntegreerde ervaringsveld van die Sosiale Studies.

Die uitgangspunt, doelstelling, mensbeskouing, inhoud van die leerstof, metode en tug en administrasie

15. „Introduction to Education and society van Ottaway, p. VIII.

16. Education and society; p. 1-2.

en organisasie van die Sosiale Studies stem ooreen met die eise van die Amerikaanse Opvoedkundige Sosiologie as basiese wetenskap maar aangepas by Engeland met sy behoeftes i.v.m. die geweldige proses van sosiale verandering wat daar plaasvind.

3. Prinsipiële beskouing oor die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland.

(1) Analise van die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland.

Sowel die Amerikaanse as die Engelse Opvoedkundige Sosiologie is 'n uitvloeisel van die wetenskaplike beskouing oor die sosiologiese aspek van die Teoretiese Opvoedkunde, wat beide gefundeer is in die beplande en beplannende sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing. Om hierdie bewering te staaf bedien ons ons van enkele aanhalings om aan te toon dat die uitgangspunt en die einddoel van die opvoeding en onderwys, die mensbeskouing, die leerstof, die metode en tug en die organisasie alles ingespan en beplan word uit, deur en tot die diens van die verabsoluteerde menslike samelewing met die gepaardgaande sosialiseringsproses in die opvoeding: „His (John Dewey's) philosophy underlies educational sociology" ¹⁾. „Education has not fulfilled its function when it has provided even optimum opportunity for individual development; its greater task is that of looking through and beyond the individual to the development of the interrelation of person with person, group with group, to a new synthesis in terms of human welfare" ²⁾.

Omdat die sosialistiese lewens- en opvoedingsrigting

1. Smith in The Journal of Educational Sociology; Vol. III, No. 8, April, 1930; p. 453.

2. Brown: Educational Sociology; Prentice Hall, New York, 1950; Preface, pp. V-VI.

in Amerika nog geensins verander het nie en dus nog hulle mensbeskouing is en inderdaad in die onderwys toepassing vind, word die „Community School“ as die ideaal ingespan om die doel van „making a community“ te bewerkstellig. Die onderwys van die skool gaan egter verder en wel in wêreldomvattende, d.i. sosiologistiese sin en betekenis van „intergroup education and social integration“ tot „education in the international setting“ 3).

Wanneer Crosser hierdie sosialistiese lewens- en opvoedingsrigting in Amerika krities beskou, sê hy: „A constructive American philosophy to take the place of the intellectually defeatist philosophy of John Dewey, has yet to be evolved.... The American Socrates, who will be called upon to undertake a reintegration of American thought, has yet to appear on the American cultural scene“ 4).

Oor die lewens- en wêreldbeskouing in Engeland skrywe skrywers: „They are a queer people, the British; ... They have a horror of doctrines and theories, for practical experience is their golden rule Over the greater part of Western Europe the common values for which we stand are known and prized. We must indeed beware of defining these values in purely nineteenth-century terms. If we speak of democracy, we do not mean a democracy which maintains the right to vote, but forgets the right to work and live. If we speak of

3. Havighurst en Seugarten: Society and education; hoofstukke 14 en 15.

4. Crosser, Paul K.: The nihilism of John Dewey; Philosophical Library of New York, 1955; p. X.

freedom, we do not mean a rugged individualism which excludes social organization and economic planning. If we speak of equality, we do not mean a political equality nullified by a social and economic privilege. If we speak of economic reconstruction, we think less of maximum production (though this too will be required) than of equitable distribution the problem of the New Order is social as well as international" 5).

Die neerslag van die sosialistiese lewens- en wêreld-beskouing op die opvoeding word o.a. gekwalifiseer met die aanhaling van Dobinson, nl. „Society is the measure of all things" 6) en Smith, met sy bewering: „Control through planning is not wholly new to education" 7).

Hierdie „kontrole" is 'n gespesialiseerde en gedetailleerde beplanning, 'n tipiese kenmerk van die Sosialisme.

Samevattend kan dus gesê word dat die Amerikaanse en Engelse Opvoedkundige Sosiologie gefundeer is in die Sosialisme, met 'n radikale oorbeklemtoning en verabsoluttering van die „sosiale" as die kerngebied van studie van die sosiologiese⁸⁾ aspek in die Teoretiese Opvoedkunde. Met ander woorde, ons het in hierdie Opvoedkundige

5. Nauters, Arthur: Britain's social services today and tomorrow; pp. 7, 85.

6. Dobinson, C.H.: Education in a changing world; Oxford at the Clarendon Press, 1951; p. 114.

7. Smith, W.O. Lester: Education in Great Britain; Oxford University Press, London, New York, 1949; p. 169.

8. Kooistra, R.: De Gereformeerde theoloog en de Sociologie. Academisch Proefschrift ter verkrijging van de graad van Doctor in de Heilige Godgeleerdheid, op gezag van de Rector Magnificus Dr. J. Waterink, Hoogleraar in de Faculteit der Letteren en Tysbegeerte, in het openbaar te verdedigen op Vrydag 4 Maart 1955. 3.30 uur in het Minerva Paviljoen, Amsterdam. T. Wever - Franeker 1955; p. 30.

Sosiologie die radikale empirisme waaruit, waardeur en waartoe die opvoeding en onderwys verklaar, bewys en begryp moet word, en hiermee dan ook die uiterste subjektivisme waarmee die enkeling die onderdeelproduk is van die samelewing en die kultuur.

In hierdie kader is dit duidelik waarom die sosiale waardes by die opleiding van onderwysers nóg deur opvoedkundiges nóg deur sosioloë gedoseer word maar deur hulle onvoedkundige sosioloë 9).

Hierdie siening hang ten nouste saam met die dinamiese aard van die menslike samelewing en die kultuur as die sosiokulturele werklikheid. En die samelewingsontwikkeling in 'n bepaalde rigting te kan laat ontwikkel waarby die individu hom in sy wisselwerking met sy milieu moet aanpas, moet hy dit kan beheers en oorheers. In die opvoeding en onderwys bring hierdie heersing oor, die beheersing van en aanpassing by die samelewing, kultuur en samelewingsituasies mee die beplanning op die basis van die vernatuurwetenskapliking van die positief ervaarbare, die meet- en kontroleerbare by die toetsing van die lewenswaardes aan die beginsel van „efficiency of action and conduct“.

Op hierdie basis is die verbiologisering, die vereksperimentering en verkwantilisering van alles in die opvoedingsproses waarmee die ervaring verryk word, dus die „immer wyer uitkringende lewenservaring“ van die praktiese, pragmatistiese, utilistiese en hedonistiese lewensuitinge. Die norme is nou beginsels waarvolgens gelewe word, gemeet aan die toets van die ervaringskonstruksie, -rekonstruksie en -herkonstruksie - dus die poging van die progressivisme om opvoeding en onderwys

9. Brown: Educational Sociology; p. 42.

te laat groei uit en te beplan volgens die ervaring, die konkrete lewe, die kultuur (objektiewe), die samelewing en die samelewingsituasies. Vir die sosialistiese opvoedingsrigting is die opvoeding, onderwys en leer identies met die lewe slegs in sosiologistiese sin.

Die beste leerstof wat in hierdie raam pas, is die Sosiale Studies ¹⁰⁾ wat uit die Amerikaanse en Engelse opvoedkundige Sosiologie gebore is „to clarify the problems of international relations by teaching the facts of contemporary and recent history, economics, politics, and geography“ ¹¹⁾.

Die metode om hierdie leerstof te doseer is die projekmetode met sy groepaktiwiteit ens., terwyl die onderwyser vanuit die agtergrond leiding gee, indien daarom gevra, wat ook die vryheidsonvatting t.o.v. die dissipline en tug isoleer.

Sy die organisasie van die opvoeding en onderwys wil ons in hierdie raam veral die aandag vestig op die progressiwiteit van al die „her- en vernuwingsprognoses“ van reïntegrasie van opvoeding en die samelewing „to make education grow out of real life situations“ ¹²⁾. In sy besonderse toepassinge is die Amerikaanse opvoedkundige Sosiologie 'n ensiklopedie van sosiale wetenskappe met die Sosiologie as basiese sosiale wetenskap.

Die grondslag van die Amerikaanse en Engelse Opvoedkundige Sosiologie „is the same in principle as the

10. Moore, Clyde B. en Cole, William E.: Sociology in educational practice; Houghton Mifflin Company, Boston, New York, The Riverside Press Cambridge, 1952; p. 353.

11. Havighurst en Neugarten: Society and Education, p. 350.

12. Davis, K.: Human society; The Macmillan Co., New York, 1949; p. 228.

ground for laboratories in scientific research" 13).

Prinsipieel is die verskil dat ons te make het met die radikale empirisme, die uiterste subjektivisme en die relativisme van die hiërargie in waardes volgens 'n veranderde, relatiewe maatstaf van „efficiency of action and conduct“.

Sonder om in die besonderhede in te gaan skrywe Crosser: „It left the American intellectual at large, as well as the American artist, with a fragmentary view of things, it left, in particular, the American teacher enmeshed in unrelated details“ 14).

Hierdie siening skakel dan ook aan by die eksistensialisme. Histories vind die menslike rede sy neerslag op die menslike lewensbestaan om t.o.v. die opvoeding die werklikheid te kan meet, weeg ens., om die objek van die opvoeding te ken met die ratio. Die waarheidselement in die ateïstiese eksistensialisme is 'n reaksie op die intellektualisme, d.i. op die herleiding van die menslike subjektiwiteit tot rasonale wetmatigheid. Die teïstiese eksistensialisme as die projektering van die mens in God is 'n reaksie op die herleiding van die wese van God tot die wet van God. Die wet is uit God, en ons vrees God en hou sy gebooie. Ons leef nie uit vrees vir Gods gebooie om dit te onderhou nie. Die eksistensialis leef volgens beginsels, wat hy uit die konkrete lewenservaring van sy aktiwiteit, wil, beweging, maak, konstitueer, vorm en word in oordraagbare sin, om deur die scientistiesgeoriënteerde lewensrigting bestaansekerheid te vind om sy twyfel, ang, belangeloos-

13. Crosser: The nihilism of Dewey; Philosophical Library, New York, 1955; p. 234.

14. Ibid., p. 14.

Vgl. hiermee dat die opvoedkundige sosioloog i.p.v. die Teoretiese opvoedkundige die sosiale waardes in die opvoeding doseer - kyk Brown: Educational Sociology, p. 42.

heid en ongeborgenheid, te vervang met die sekerheids-ideaal wat die natuurwetenskap hom bied. Die eksistensialisme is die jongste vorm waarin die scientistiese hom voordoën.

Die vorige uiteensetting sluit aan by die opleiding van onderwysers.

Die opvoedkundig-sosiologiese kursus is spesifiek ongestel vir die opleiding van onderwysers en het ten doel om uitvoering te gee aan die volgende doeleindes :

- (1) Die ondersoek na die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op die opvoedkundige lewensterrein;
- (2) die plek en funksie van die onderwys en opvoeding in die skool as instrument vir die sosialisering van die kind: die individu in die groep;
- (3) die invloed wat die opvoedkundige lewensterrein ondergaan in sy wisselwerking met die totaliteit van die sameleving waarby en waartoe die skool en sy funksies aangepas en gerig is, en omgekeerd die invloed wat die skool uitoefen op die sosiokulturele werklikheid tot sosiale integrasie in universalistiese sin en betekenis.
- (4) In hierdie verband is van besondere belang die invloed van die sosialistiese norme en feite van die opvoedkundige lewensterrein op die totaliteit van die dinamiese samelevingstruktuur en omgekeerd die invloed van die konkrete samelevingsituasie met waardetoetssteen „the efficiency of action and conduct“ in ~~die~~ formulering van die relativistiese ervaringsnorme wat groei uit die „real life situations“ vir die opvoedkundige lewensterrein.

4. Samevatting van die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland, en eie opvatting.

Sowel in Amerika as in Engeland word die Opvoedkundige Sosiologie beskou as die wetenskaplik uitgeboude sisteem van kennis van die sosiologiese aspek van die Teoretiese Opvoedkunde ¹⁾. Maar Opvoedkundige Sosiologie is spesiale Sosiologie en dus Sosiologie as struktuurwetenskap.

Prinsipieel beskou kan die Opvoedkundige Sosiologie van sowel Amerika as Engeland niks anders as Sosiologie wees nie. In beide sisteme word die opvoeding ingespan om die samelewing te dien. Hierteen het ons geen besware nie. Waarteen ons wel grondige besware het, is dat dit in die Opvoedkundige Sosiologie van die genoemde twee lande gaan om die inlywing van die Opvoedkunde by die Sosiologie: die opvoeding moet groei uit die konkrete lewensituasies van die samelewing; die Opvoedkunde word opgebou slegs uit die empiriese werklikheid wat die feitlike gegewens van die Sosiologie is. Die Teoretiese Opvoedkunde van beide lande is 'n versosiologisering daarvan, d.w.s. die ruimste opvatting van die opvoeding om die menslike samelewing in universalistiese sin en betekenis te dien.

Wanneer hierdie opvatting oor die Teoretiese Opvoedkunde, t.w. die versosiologisering daarvan, onder die klem van die „beplanning“ staan, dan het ons te make met die positivistiese vorm van die sosiologiese interpretasie, manipulasie en integrasie van 'n kindsentriese ervaringsveld in die onderwys en opvoeding. Die vrug hiervan is die Sosiale Studies in laerskole.

1. Vgl. o.a. Havighurst en Neugarten: Society and Education; preface, p. iii; Brown: Educational Sociology, Editor's Introduction, p. VIII; Ottaway: Education and society; p. 16.

Hierdie versosiologisering van die Opvoedkunde, d.i. die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland, is dus die verabsoluttering van die sosiale aspek van die opvoeding.

Hierdie beskouing impliseer 'n Humanistiese lewens- en opvoedingsbeskouing en met name die Amerikaanse en Engelse Sosialisme in variasie van graadsverskille, soos dit o.a. in die onderwys met die Sosiale Studies volgens die pragmatistiese en eksprimentalistiese uitingsvorme gesien en beoefen word.

Daarom is die Amerikaanse en Engelse Opvoedkundige Sosiologie daardie poging om die opvoeding, die Teoretiese Opvoedkunde uit die radikale empirisme van die Sosiologie te laat groei.

Hierteenoor stel ons die Opvoedkundige Sosiologie volgens Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing, d.i. die wêenskaplik uitgeboude sosiologiese aspek van die Teoretiese Opvoedkunde, wat later in hierdie ondersoek bewys word.

Ons beskouing rus dan ook op die Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing, waarvolgens ons in staat gestel word om ons probleemstelling met hierdie ondersoek in daardie spesifieke lig te beskou.

5. Formulering van die probleem van die ondersoek.

- a. Positief is die doelstelling van hierdie proefskrif om 'n prinsipiële beskouing te gee oor die organiese of genetiese opvatting van die opvoeding volgens Calvinistiese standpunt as die standpunt in die verskeidenheid wat ons aanvaar en handhaaf. In hierdie verband beperk ons ons streng tot die laerskool, ook met riglyne vir die toekoms, en verder gaan ons na:
 - (1) Hoedanig die opvoedingsbeskouing in die lewens-

en wêreldbeskouing gegrond is - 'n taak wat reeds deur baie opvoedkundiges uitstehend gedoen is;

- (2) hoedanig die verskillende beskouings tot openbaring kom in bepaalde onderwysstelsels - ook 'n ontsettend omvangryke taak;

- (3) in watter mate die sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing sterk na vore tree deur die oorbeklemtoning van die sosiologiese aspek in die onderwys en opvoeding, o.a. deur :

- (a) Die verabsolutering van die sosiokulturele werklikheid in die progressivisties-eksperimentalisties-positivistiese poging tot onderwysvernuwing en -vernauwing „to make education grow out of real life situations“

tot die sg. immer wyer uitkringende lewenservaring van die individu in sy aanpassing en voorts :

- (b) „... Since modern culture rests on abstract knowledge, to confine all instruction to the applied and the concrete would soon produce stagnation“¹⁾.

- (4) Samenvattend geskied die opvoeding op die basis van die totalitêre wysgerige siening en open ontsporingperspektiewe waar die bindinge aan die hoëre lewenswaardes en -norme ontbreek.

- (5) Die tipiese eienskappe van hierdie lewens- en opvoedingsrigting lê ten grondslag aan die moderne lewensproblematiek. Onder andere wil ons aantoon hoedanig hierdie rigting staan t.o.v. die volgende vraagstukke :

- (a) Die aard en oorsprong van gesag;

1. Davis : Human Society ; p. 228.

- (b) die idee van vryheid;
- (c) die religieuse oorsprong van die geestelike verval in ons dae;
- (d) die verabsoluttering van òf die persoon òf die gemeenskap;
- (e) die aard en die selfstandigheid van die samelewingsvorme;
- (f) die vertroue op 'n sg. èlite en die berusting in die bestaan van die „massa“;
- (g) 'n oordrewe verwagting van die wetenskap, van oorspesialisasie, van beplanning tot „efficiency“ en van 'n natuurlike orde;
- (h) die oorwig van 'n sekerheidsideaal;
- (i) 'n eensydige oriëntering t.a.v. ekonomiese maatstawwe;
- (j) die toenemende eiendomsbesitlose mensdom;
- (k) vryetydsbesteding.

Met hierdie uiteensetting volstaan ons en skenk ons vervolgens aandag aan die bepaling van die terrein van die Opvoedkundige Sosiologie volgens ons prinsipiële opvatting.